higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

OUTOMOTIEWE HERSTEL EN ONDERHOUD
NKR VLAK 2

(6021032)

17 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Noem enige TWEE onveilige toestande in 'n motorvoertuigwerkwinkel wat tot gevare lei. (2)

1.2 Sê wat die volgende beteken:

1.2.1 

1.2.2 

1.2.3 

(3 × 1) (3)

1.3 Werknemers moet verslae van alle ongelukke en voorvalle bewaar. Noem enige TWEE redes hiervoor. (2)

1.4 Hoekom is die gevaarlik om 'n selfoon in 'n werkswinkel te gebruik? (1)

1.5 Wat is die voordele van goeie huishouding? (3)

1.6 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.6.1 Mense kan in 'n voertuig bly sit as dit opgehys word.

1.6.2 Domkragte is gewoonlik skuifbare en draagbare toestelle.

1.6.3 Die voordeel van ’n vierpaalhystoestel is dat ’n voertuig se remkussings maklik vervang kan word.

1.6.4 Dit is veilig om 'n voertuig oornag op 'n hystoestel te laat.

1.6.5 Die doel van 'n hystoestel is om 'n voertuig bo die grond te lig.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.7 Noem die funksie van die volgende meetinstrumente:

1.7.1 Bandspanner

1.7.2 Voelermaat

1.7.3 Kompressietoetser

(3 × 1) (3)

1.8 Noem TWEE praktiese gebruik van 'n wysertoetser. (2)

[21]

VRAAG 2

2.1 Watter instrumente word vir die volgende batterytoetse gebruik?

2.1.1 Om die relatiewe digtheid van ’n elektroliet te toets

2.1.2 Om 'n aansluiter te toets

2.1.3 Om 'n battery se las te toets

(3 × 1) (3)

2.2 Noem DRIE soorte veiligheidsklere (PBT) wat gedra moet word as 'n battery verwyder en getoets word. (3)

2.3 Watter aansluiter van ’n battery moet eerste gekonnekteer word? (1)

2.4 Waarmee word batteryaansluiters skoongemaak? (2)

2.5 Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (2.5.1–2.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.5.1	Hiermee word die plek gemerk waar ’n gat geboor moet word	A	kettingsleutel
2.5.2	Dit hou klein werkstukke	B	wringsleutel
2.5.3	Oliefilters word hiermee verwyder	C	langbektang
2.5.4	Boute word hiermee volgens die gespesifiseerde styfheid vasgedraai	D	senterpons
2.5.5	Elektriese drade word hiermee gelas	E	wetkop
		F	soldeerbout

(5 × 1) (5)

[14]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer FIGUUR 1 en beantwoord die vrae.



[Bron: www.google/images.co.za]


FIGUUR 1

3.1.1 Benoem die onderdeel in FIGUUR 1 hier bo. (1)

3.1.2 Noem TWEE funksies van die onderdeel in FIGUUR 1. (2)

3.2 Vriesweermiddel is 'n spesiale vloeistof wat in moderne motors gebruik word. Noem enige TWEE funksies daarvan. (2)

3.3 Bestudeer FIGUUR 2 hier onder en beantwoord die volgende vrae (3.3.1–3.3.3) in die ANTWOORDBOEK:



FIGUUR 2

3.3.1 Benoem die onderdele wat A–D gemerk is. Skryf slegs die antwoord langs die letter (A-D) in die ANTWOORDBOEK neer. (4)

3.3.2 Noem die funksies van die onderdeel in FIGUUR 2. (1)

3.3.3 Benoem die onderdeel in FIGUUR 2. (1)

[11]

VRAAG 4

4.1 Teken 'n baandiagram wat uit die volgende komponente bestaan. (5)

weerstand, oop skakelaar, battery, gloeilamp, draad

4.2 Verduidelik kortliks wat tydens 'n kragslag in 'n vierslag-binnebrandenjin gebeur. (4)

4.3 Noem of die volgende onderdele aan die binnekant of die buitekant van 'n enjin sit.

4.31 Oliefilter

4.3.2 Krukas

4.3.3 Suierstang

4.3.4 Petrolpomp

4.3.5 Inlaatklep

(5 × 1) (5)

4.4 Hoekom moet die banddruk van buitebande altyd korrek wees? (2)

4.5 Verduidelik die doel van vellings. (3)

4.6 Waar op 'n buiteband kom slytasie voor as dit:

4.6.1 Te sag gepomp is?

4.6.2 Te hard gepomp is?

(2 × 1) (2)

4.7 Noem TWEE soorte materiale waarvan vellings gemaak word. (2)

[23]


Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Verduidelik hoekom enjinolie deur 'n filter gepomp word. (1)

5.2 Noem VIER smeermiddels en vloeistowwe behalwe enjinolie wat in voertuie gebruik word. (4)

5.3 Bestudeer FIGUUR 3 en beantwoord die vrae.



[Bron: www.google/images.co.za]

FIGUUR 3

5.3.1 Benoem die onderdeel in FIGUUR 3 hier bo. (1)

5.3.2 Benoem die onderdele in FIGUUR 3 wat A–E gemerk is. Skryf slegs die antwoord langs die letter (A-E) in die ANTWOORDBOEK neer. (5)

5.4 Watter stuk gereedskap sal jy gebruik om 'n oliefilter te verwyder as jy 'n voertuig diens? (1)

5.5 'n Werkkaart is 'n belangrike dokument. Noem TWEE redes hoekom dit belangrik is. (2)

5.6 'n Mens gebruik allerhande stukke gereedskap en toerusting om 'n voertuig te diens. Noem enige VYF hiervan. (5)

5.7 Wat moet 'n mens ondersoek as jy 'n voertuig se enjinkompartement voor 'n diens inspekteer? (5)

5.8 Hoe maak mens jou werkgebied gereed voordat jy 'n voertuig diens? (4)

5.9 Wat is die doel van 'n padwaardigheidstoets? (1)

5.10 Noem enige TWEE redes hoekom mens 'n padtoets doen nadat jy 'n voertuig gediens het. (2)

[31]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou